

aktueel

nuwe idees
teorieë en
volledige detail

fokus op detail

hoe jy dink

tuister vaardighede

werk styl

inligting verwerk

status luuksheid

openbare beeld

gasvry

kommunikasiestyl

privaat persona

wilskrag
besluitneming

WAARNA MOET JY KYK?

Net soos met 'n legkaart maak twee stukke nie die prentjie nie! Jou persoonlikheid bestaan uit 'n klomp karaktereienskappe en moet in die geheel gesien word. Daarom kan dit misleidend wees as jy na net 'n paar gelaatstrekke kyk. Vir interessantheid word die betekenis van 'n paar gelaatstrekke verduidelik:

HOE LYK JY?

Verdeel jou gesig **vertikaal** in twee dele, die linker- en regterkant. Die linkerkant weerspieël jou privaat persona – wat jy slegs aan familie en hegte vriende wys. Die regterkant is jou openbare beeld – wat jy vir die buitewêreld, jou kollegas, kennisse en nuwe mense wys. Onthou, jou linkerkant reflekteer links in 'n spieël! Maar wanneer jy na iemand kyk wat voor jou staan, is die kante omgeruil. Jou gesig word dan **horisontaal** in drie dele verdeel, die voorkop-, neus- en kengedeelte.

- Die **voorkop** gedeelte word gemeet vanaf jou haarlyn tot by die wenkbroue. As hierdie gedeelte dominant is, hou jy van nuwe idees,

teorieë en volledige detail.

- Die **neus** gedeelte word vanaf jou wenkbroue tot by die basis van jou neus gemeet. As hierdie gedeelte dominant is, is jy ambisieus en gesteld op gehalte, luukse en status.
- Die **ken** gedeelte word vanaf die basis van jou neus tot by die onderpunt van jou ken gemeet. As hierdie gedeelte dominant is, kuier jy 'n hond uit 'n bos uit. Jy is plat op die aarde, gasvry en geniet die klein plesiertjies in die lewe. Jy het ook baie fisiese stamina. Gaan kyk maar na die groot sportmanne, jy sal die dominante kengedeeltes maklik kan uitken!

WENKBROU

Jou wenkbroue is 'n teken van hoe jy dink en hoeveel jy op detail fokus. Dit wys ook watter tipe inligting vir jou belangrik is en hoeveel inligting jy op 'n slag wil hê. As jy digte wenkbroue het, kan jy maklik gelyktydig met 'n klomp goed besig wees en is jy geneig om dinge te kompliseer, terwyl mense met baie dun wenkbroue verkies om op een taak te fokus, dit eers te voltooi en dan met 'n volgende taak te begin. Hulle hou daarvan om dinge te vereenvoudig en kan ook nogal sensitief wees vir kritiek.

Die vorm van jou wenkbroue het ook belangrike betekenis: ronde wenkbroue beteken jy is ingestel op mense, terwyl reguit wenkbroue wys dat jy eerder feite verkies. En moet liefier nie iemand met hoekige wenkbroue se tyd mors nie, sy sal maklik die onderwerp van die gesprek verander om beheer oor die situasie te neem.

NEUS

Jou neus wys jou werkstyl. 'n Reguit neus sê jy kan op 'n logiese wys werk, en daar is dikwels ook meer as een doenlyksie in jou handsak. As jy 'n geboë neus het, kan jy baie goed werk uitdeel en kom jy ook gewoonlik met die mees kreatiewe oplossings vir probleme by die werk vorendag.

As jou neus 'n konkawe neusprofiel het, gaan jy gemaklik voel in 'n werk wat jou

emosioneel bevredig. En as jou baas wil hê jy moet produktief wees, moet sy jou gereeld 'n klop op die skouer gee.

As jy wil weet wie die spanwerkers is, kyk na die breedte van 'n neus: mense met breë neuse is gemaklik om as deel van 'n span te werk, terwyl 'n smal neus dui op iemand wat onafhanklik kan werk en dit waardeer as mense nie oor hulle skouers loer nie.

MOND

Jou mond dui op jou kommunikasie-styl. 'n Groot mond is gewoonlik 'n teken dat jy 'n ekstrovert is, terwyl 'n introvert se mond beslis kleiner sal wees.

Vol lippe behoort aan die emosionele geselsers, wat gewoonlik ook handgebare gebruik wanneer hulle kommunikeer. As jy dun lippe het, hou jy nie eintlik daarvan om oor jouself te praat nie en vertrou nie maklik vleitaaal nie.

As jou onderlip dubbeld so groot soos jou bolip is, het jy uitstekende oordeelingsvermoë en sal baie goed vaar met verkope of enigiets waar jy mense moet ompraat. Die teenoorgestelde, 'n dominante bolip, dui op iemand wat baie uitgesproke kan wees en soms praat voordat daar gedink word.

KEN

Die vorm van jou ken verklar aspekte oor wilskrag en besluitneming. 'n Ronde ken is 'n seker teken daarvan dat jy

besluite neem op grond van wat ander mense dink of sê. Maar as jy 'n reguit kenvorm het, is jy geneig om in swart en wit te dink en jou besluite word slegs op feite gegrond.

Mense met 'n breë ken kan konflik goed hanteer, teenoor iemand met 'n smal ken, wat eerder agteroor sal buig sodat konflik vermy kan word.

ORE

Die grootte van jou ore dui natuurlik op jou vermoë om te luister, maar die posisie van jou ore dui aan hoe jy inligting verwerk, asook die spoed waarteen jy besluite neem.

As jy klein oortjies het, hou jy gewoonlik nie van lang stories nie. Jy sal gou belangstelling verloor en voel meer gemaklik as jy bewyse kan sien van wat daar gesê word.

As jou ore groot lyk in verhouding met jou kop, dui dit op 'n goeie luistervermoë. Jy is ontvanklik vir wat mense te sê het en laat ander belangrik voel omdat jy tyd maak om na hulle te luister.

Met ore wat hoog teen die kop sit, kan jy vinnige besluite neem en kan jy selfs impulsief wees omdat jy dinge gou wil afhandel. As jou ore baie laag teen jou kop sit, neem jy versigtiger besluite en verkies om eers al die inligting of gereedskap bymekaar te kry voordat jy iets doen. Jy kan ook geneig wees om take uit te stel.



WAT AS JOU GESIG VERANDER?

Omdat jou gesig 'n weerspieëling is van jou siel, gaan uiterlike veranderinge ook innerlike gevolge hê.

Het dit al met jou gebeur dat jy sukkel om 'n ou vriendin te herken nadat julle mekaar vir 'n paar jaar nie gesien het nie? Dit is moontlik nie net omdat sy ouer geword het nie! Die verloop van die lewe het haar dalk 'n paar nuwe karaktereenskappe laat ontwikkel. En wanneer een van jou karaktereenskappe verander, sal dit mettertyd op jou gesig ook wys.

Die teenoorgestelde geld ook. Enige verandering wat aan 'n fisiese gelaatstrek op jou gesig gedoen word, sal 'n verandering in die ooreenstemmende karaktereenskap teweegbring.

PLOOIE SE PLEK

Botox is vir baie vroue die kitsoplossing vir daardie lagplooitjies om die mond en die kraaispoortjies om die oë. Dit verslap die spiere onder jou vel wat die vel in 'n plooi trek.

“Vroue is veral geneig om hulle woedelyntjies, die vertikale lyntjies teenaan die wenkbroue, te versag. Hierdie lyntjies wys dat jy woede en/of frustrasie onderdruk. Dit beteken dat jy diplomatie ontwikkel het.

“Wanneer jou woedelyne verdoof word, sal jy woede of frustrasie anders hanteer. Dalk is jy nie meer so diplomatie nie of jy raak aggressief. Die teendeel is ook moontlik: Jy onderdruk dalk jou woede nog meer en dan kan dit moontlik jou gesondheid aantast,” sê Marthie.

So, wat verkies jy? 'n Lyntjie of 'n vriendin wat almal om haar verskree?

MEET MOOI VOOR JY SNY

Ons word uit alle oorde aangemoedig om die sogenaamde perfekte voorkoms te hê. Daar bestaan egter nie so iets nie.

Maar om aan hierdie vereiste te voldoen, gryp ons maklik na plastiese chirurgie.

Marthie waarsku egter: “As jy nie aanpas by die veranderings wat deur die skalpel gedoen is nie, kan die gelaatstrek terug verander na die oorspronklike vorm. Dit is hoekom kosmetiese chirurgie dikwels ‘misluk’.”

Michael Jackson is 'n goeie voorbeeld van iemand wat gereeld moes terugkeer na sy plastiese chirurgie omdat

die neusoperasies wat hy ondergaan het, keer op keer sogenaamd misluk het. Hy het 'n redelike breë neus gehad, maar wou baie graag 'n smal neus hê.

'n Smal neus dui op 'n persoon wat onafhanklik werk en nie goed aanpas in 'n groep nie. Michael het 'n enorme span gehad met wie hy moes saamwerk wat na klank, beligting, verhoogdekor en so meer. moes omsien.

Dit was dus onmoontlik vir hom om 'n onafhanklike werkstyl toe te pas. Omdat hy nie onafhanklik kon werk nie, het sy neus weer terug gegroei na die oorspronklike breedte.

Marthie sê aknee, geboortemerke, moesies en plooië is alles tekens van sigbare weerloosheid. Die oorsaak van dié weerloosheid hou verband met die area op die gesig waar dit voorkom.

Rooi merke simboliseer gewoonlik woede, terwyl bruin ouderdomsvlekke 'n teken is van

die swaar lesse wat jy geleer het. Sproete gaan gepaard met vurigheid en opstandigheid, eerder as woede. Bruin of swart moesies, donker sproete (*beauty spots*) en geboortevlekke onthul 'n talent of kwessie wat lewenslange betekenis dra in die ooreenstemmende gedeelte van die persoonlikheid.

WELKOM, OUDERDOM!

Die ouderdom is sinoniem met die lyntjies wat jy oor die jare op jou gesig versamel het. Jou plooië vertel van die moeilike en die mooi tye, van die frustrasies en irritasies waaraan jy uiting gegee het of opgekrop het. “Maar jy kry 'n talent in ruil vir elke lyn,” verduidelik Marthie. “Plooië is God se grimering, so, dink mooi voor jy die spuitnaald of die skalpel nadertrek.

“Die goeie nuus is egter, as jou houding kan verander, kan die plooiëpatroon ook verander. Plooië kan ook versag en selfs verdwyn sonder 'n *face-lift!*” ... Uiteindelik!



SÓ KAN DIT JOU HELP

Behalwe om jousef te leer ken, kan jy fisonomie ook gebruik om beter verhoudings met die mense na aan jou te hê. Hoe beter jy ander mense begryp, hoe minder misverstande sal daar wees. Dit gaan ook makliker wees as jy weet hoekom jy of iemand anders op 'n sekere manier optree. Jy mag dalk die verkeerde afleidings maak, maar hulle gesigte sal nie jok nie!

KAN DIT JOU HUWELIK RED?

Gesigsontleiding kan baie van die struikelblokke in die huwelik verklaar en uit die weg ruim. "As jy al gewonder het hoekom mense wat lank saambly, na mekaar begin lyk – dit is omdat hulle dieselfde begin dink! Dit gebeur veral in 'n gesin waar almal dieselfde doen, dink en voel oor situasies," sê Marthie.

Schalk* en Adri Pienaar* is al 'n geruime tyd getroud en hulle wou meer leer oor hulself en hulle verhouding. "Ons wou graag verder groei en veral leer hoe ons persoonlikheidsverskille ons verhouding beïnvloed," vertel Schalk.

Marthie het bevestig dat Adri heeltemal anders na die wêreld kyk as Schalk en dat daar nie 'n reg of verkeerd is nie, maar eerder verskillende realiteite van twee mense se bestaan. "Dit het vir ons meer deernis vir mekaar en onself gegee, en ook groter geduld.

"Ons sou byvoorbeeld vassit oor Adri sommer impulsief 'n vertrek wil verf, terwyl ek eers al die stappe wil uiteensit. Soos die skuurwerk en herstelwerk aan die muur voor ons begin verf, maar daardeur het ek Adri se entoegasme heeltemal gebly.

"Ek het ook geleer dat Adri die groter prentjie in gedagte het en nie op die stappe fokus nie, terwyl ek meer op die detail fokus en glad nie op die groter prentjie nie. Nou kan ons met groter bewusheid mekaar in ag neem en ons kan met humor na situasies kyk in plaas van wrywing!"

Adri beaam Schalk se mening: "Jy kyk met groter waardering na jousef en na jou maat.

Die uniekheid van elke mens het ons opnuut getref en hoe ons mekaar doelbewus meer geliefd kan laat voel."

KYK ANDERS NA JOU KIND

Alhoewel ons kinders se persoonlikhede nog nie ten volle ontwikkel is nie, is daar tog karaktertrekke wat tot konflik in die huis kan lei. Jy mag dalk dink jou

oudste kind is balhorig, terwyl jou jongste die soetheid self is.

"Die oplossing kan eenvoudig wees," sê Marthie, "mits jy weet hoe jou kind se persoonlikheid aanmekaar gesit is. Jou benadering tot jou kind kan konflik vermy en sy persoonlikheidsontwikkeling bevorder.

"'n Goeie voorbeeld hiervan is die sproetgesigseuntjie met die bakore wat sy ma en juffrou teen die mure uitdryf. Hy vra gedurig vrae en weier om hulle opdragte gedwee uit te voer. Sy teëpraterij maak hulle gek, maar vir hom is dit baie belangrik om te verstaan hoekom 'n ding gedoen moet word."

Thelma Visser* kan nie uitgepraat raak oor die resultate wat hulle van fisonomie gekry het nie. Haar seuntjie se bakoortjies is hoog geplaas in verhouding met sy gesig. Dit beteken dat hy geneig is om impulsief te wees en nie altyd aan die fynere besonderhede van 'n opdrag aandag gee nie.

"Ek het eerlikwaa nie gedink iemand se gesig kan soveel geheime verklap nie. Ek het ontdek dat ek in die 11 jaar van my seun se lewe nooit die vaardigheid besit het om te verseker dat hy opdragte suksesvol voltooi nie. Ek het hom verkeerd gevra. Ewe skielik kon ek soveel beter verstaan hoekom hy 'moeilik' was," vertel Thelma.

"Marthie het vir my verduidelik hoe ek en my seun van mekaar verskil en hoe ek 'n positiewe reaksie kan kry as ek hom reg benader. Ek sou gewoonlik vir hom sê: Gaan sit net gou op die bank, en dan wou hy altyd weet hoekom.

"Nou verstaan ek dat hy wil weet hoekom hy op die bank en nie op die vloer moet sit nie, en hoekom hy nou daar moet gaan sit en hoe lank hy daar moet sit. Na my sessies met Marthie, vra ek so: Boeta, sal jy asseblief op die bank gaan sit, die vloer is te koud. Mamma wil graag vir jou 'n storie lees, die storie is 'n paar bladsye, so, ons gaan 'n lekker halfuurtjie saam lees. Dan doen hy dit dadelik!"

WELSLAE BY JOU WERKPLEK

Dit is ook voordelig om jou kollegas volgens

hulle persoonlikheid te benader, veral die een met wie jy die minste oor die weg kom. Daar is 'n teorie wat verklaar hoekom ons soms met die eerste oogopslag glad nie van iemand anders hou nie.

"Dit gebeur gewoonlik wanneer jy 'n eienskap van jousef, een waarvan jy nie noodwendig hou nie, op daardie persoon se gesig herken. Jy word dan gedwing om jou sogenaamde swakheid te erken," verduidelik Marthie. As jy hierdie teorie verstaan, is dit makliker om jou kollegas anders te benader.

Fisonomie is ook nuttig tydens projekbestuur. So kan jy die werknemers met die beginner-wenkbroute aan die begin van 'n projek te gebruik, terwyl dié met die bittereinder-wenkbroute die projek moet voltooi.

Michael Gunko besit sy eie personeelagentskap en vir hom is fisonomie van onskatbare waarde. "Om die regte persoon in die regte posisie en werksomgewing te plaas is 'n groot uitdaging, maar die vaardighede wat ek aangeleer het, maak dit vir my baie makliker," vertel Michael.

"My personeel het nou die kennis om te weet wanneer mense oordryf met wat in hulle CV's staan. En wanneer hulle voorgee om te wees wie hulle nie werklik is nie.

"Byvoorbeeld, as iemand sê dat sy baie goed in 'n span kan werk, maar haar neus verklap die teendeel, kan ons dit sien en haar aanbeveel vir 'n pos wat beter by haar persoonlikheid pas. So kan beide die kliënte en voornemende werknemers beter gehelp word."

Daar skuil duidelik baie meer in hierdie wetenskap as wat jy met die "eerste oogopslag" kan sien. Dink net hoe lekker kan jy nou oor ander mense skinder ... Oeps! Is daar 'n skinderlyn? Een wat ander mense kan sien? Wel, hierdie wetenskap is beslis die moeite werd om verder te ondersoek. **F**

*SKULNAME IS GEBRUIK

ARTIKEL CORNELIA DU PLOOY

VIR MEER INLIGTING OOR KONSULTASIES EN OPLEIDING KONTAK INFO@

FACEPROFILESA.CO.ZA OF BESOEK WWW.FACEPROFILESA.CO.ZA

Gaan na www.voelgoed.co.za vir nog meer inligting oor hierdie fassinerende onderwerp en kom leer meer van jousef!